



Laat jou stem hoor



Wanbesteding van toegedeelde belastinggeld

Monique Taute – 2016/04/18



Inhoudsopgawe

1. Inleiding	2
2. Agtergrond.....	2
3. Basis van die strafregtelike klagtes.....	5
4. Omvang van die veldtog	6
5. Program.....	8
6. Samevatting.....	9

1. Inleiding

AfriForum het in Januarie 2016 'n nuwe nasionaleveldtogte-afdeling begin. Dié afdeling het as eerste nasionale projek die wanbesteding van toegedeelde belastinggeld as 'n nasionale krisis geïdentifiseer nadat toepaslike wetgewing, die departementele jaarverslae en verslae van die ouditeur-generaal bestudeer is en regsmanings ingewin is. Die veldtog heet “Genoeg is Genoeg”.

As deel van dié veldtog gaan AfriForum agt provinsies oor die volgende twee weke besoek waartydens strafregtelike klagtes ingevolge artikel 86(1) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1998 teen 13 provinsiale departementshoofde ingedien sal word.

Die verslag het ten doel om die regsgronde te bespreek waarop die strafregtelike klagtes gebaseer is, sowel as om die veldtog as geheel te bespreek.

2. Agtergrond

AfriForum het die OG se gekonsolideerde algemene verslag oor die nasionale en provinsiale oudituitkomste vir die 2014/2015-boekjaar geraadpleeg om 13 provinsiale departemente te identifiseer wat die meeste belastinggeld wanbestee het.

Tussen 18 en 28 April 2016 sal AfriForum strafregtelike klagtes teen die hoofde van hierdie 13 departemente indien.

Die volgende 13 departemente is geïdentifiseer is:

Gauteng

- Departement van paaie en vervoer
- Departement van gesondheid
- Departement van menslike nedersettings
- Departement van onderwys

Mpumalanga

- Departement van gesondheid

Limpopo

- Departement van gesondheid
- Departement van onderwys

Noordwes

- Departement van gesondheid

Vrystaat

- Departement van onderwys
- Departement van menslike nedersettings

Noord-Kaap

- Departement van gesondheid

Oos-Kaap

- Departement van gesondheid

KwaZulu-Natal


- Departement van gesondheid

In totaal het dié 13 departemente saam R11,63 miljard in die 2014/2015-boekjaar wanbestee. Die Gautengse departement van paaie en vervoer is volgens die OG-verslag die grootste sondebok en onreëlmatige, vrugtelose, verkwistende en ongemagtigde uitgawes vir die departement beloop R2,19 miljard.

Die volgende tabel beeld die wanbesteding van hierdie departemente in miljoene aan:

Departemente	Uitgawes	OK	VS	GP	KZN	LP	MP	NK	NW	Totaal per dept.
Gesondheid	Ongemagtig	90			128			92	263	
	Vrugteloois en verkwis	74		160		43			20	
	Onreëlmatig				839		1919			
Totaal in miljoene		164		160	967	43	1919	92	283	3628
Paaie en vervoer	Ongemagtig									
	Vrugteloois en verkwis			251						
	Onreëlmatig			1942						
Totaal in miljoene				2193						2193
Menslike nedersettings	Ongemagtig									
	Vrugteloois en verkwis									
	Onreëlmatig		982	1928						
Totaal in miljoene			982	1928						2910
Onderwys	Ongemagtig		589							
	Vrugteloois en verkwis					73				
	Onreëlmatig			1246		994				
Totaal in miljoene			589	1246		1067				2902
Totaal per provinsie		164	1571	5527	967	1110	1919	92	283	11633

Die volgende grafiek vergelyk die wanbesteding van die 13 departemente met mekaar:



3. Basis van die strafregtelike klagtes

Die strafregtelike klagtes word gebring ingevolge artikel 86(1) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999. AfriForum is van mening dat die 13 departementshoofde opsetlik of op 'n grof nalatige wyse versuim het om aan artikel 38 en 40 van dié Wet te voldoen, wat dit ingevolge artikel 86(1) van dieselfde Wet 'n strafbare oortreding maak.

<p>Wanneer is 'n rekenpligtige beampte aan 'n misdryf skuldig?</p>
<p>Artikel 38 van die Wet bepaal soos volg:</p> <p>'n Rekenpligtige beampte is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete, of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar, indien daardie rekenpligtige beampte of rekenpligtige gesag opsetlik of op 'n grof nalatige wyse versuim om aan 'n bepaling van artikel 38, 39 of 40 te voldoen.</p>
<p>Algemene verantwoordelikhede van rekenpligtige beamptes</p>
<p>Artikel 38(1)c van die Wet bepaal soos volg:</p> <p>Die rekenpligtige beampte vir 'n departement moet doeltreffende en toepaslike stappe doen om –</p> <ul style="list-style-type: none"> • ongemagtigde, onreëlmatige, vrugtelose en verkwiste uitgawe en verliese weens kriminele optrede te voorkom; en • beskikbare bedryfskapitaal doeltreffend en ekonomies te bestuur. <p>Die rekenpligtige beampte vir 'n departement moet doeltreffende en toepaslike dissiplinêre stappe doen teen enige beampte in diens van die departement, handelonderneming of grondwetlike instelling wat –</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n bepaling van hierdie Wet oortree of versuim om daaraan te voldoen; of • 'n daad pleeg wat die stelsel van finansiële bestuur en interne beheer van die departement, handelonderneming of grondwetlike instelling ondermyn; of • 'n ongemagtigde uitgawe, onreëlmatige uitgawe of vrugtelose en verkwiste uitgawe aangaan of toelaat.

Rekenpligtige beamptes se verslagdoeningsverantwoordelikhede

Artikel 40(1) van die Wet bepaal soos volg:

Die rekenpligtige beampte van 'n departement, handelonderneming of grondwetlike instelling –

- moet volledig en behoorlik rekord hou van die finansiële sake van die departement, handelonderneming of grondwetlike instelling, ooreenkomstig enige voorgeskrewe norme en standaarde; en
- moet finansiële state vir elke finansiële jaar ooreenkomstig algemeen erkende rekeningkundige praktyk opstel.

4. Omvang van die veldtog

AfriForum se nasionale veldtog oor die wanbesteding van belastinggeld, “Genoeg is Genoeg”, is vandag tydens 'n mediakonferensie in Centurion bekend gestel. As deel van dié veldtog gaan AfriForum oor die volgende twee weke agt provinsies besoek waartydens strafregtelike klagtes ingevolge artikel 86(1) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 teen 13 provinsiale departementshoofde ingedien sal word.

Dié 13 departemente is deur die burgerregte-organisasie geïdentifiseer as die hoofbydraers tot onreëlmatige, vrugtelose, verkwistende en ongemagtigde uitgawes, wat altesaam R11,63 miljard van die totale vermorste bedrag van R28,26 miljard vir die 2014/2015-boekjaar beloop. Dié inligting is bekom uit die OG se gekonsolideerde algemene verslag.

AfriForum het ook die jaarverslae van die onderskeie departemente bestudeer.

Die wanbesteding van belastinggeld is 'n nasionale krisis. Dit is tyd dat belastingbetalers druk op die Nasionale Vervolgingsgesag plaas om 'n voorbeeld van departementshoofde te maak wat nie hul pligte ingevolge die Wet nakom nie.

Dié departementshoofde is van die grootste bydraers tot die vermorsing van belastingbetalergeld.

AfriForum wil die publiek aanmoedig om die nodige druk op die Nasionale Vervolgingsgesag te plaas deur 'n SMS met hul naam na 45352 te stuur (R1) of die klagtes op AfriForum se webtuiste by www.afriforum.co.za te onderteken.

Fase 2:

AfriForum gaan die veldtog in Junie met 'n fase 2-projek voortsit wanneer stappe teen munisipaliteite gedoen sal word om hulle te verplig om onreëlmatige, vrugtelose, verkwistende en ongemagtigde uitgawes in te vorder. Die organisasie gaan namens al sy takke in die verskeie provinsies 'n versoek aan die verskillende LUR'e vir finansies rig om alle inligting te verskaf oor stappe wat hulle teen munisipale raadslede en amptenare doen om geld vir onreëlmatige, vrugtelose, verkwistende en ongemagtigde uitgawes in te vorder. Munisipaliteite moet ook aandui wie die oortreders is en watter stappe gedoen word om dié geld in te vorder – soos wetgewing van hul verwag om te doen.

Elke LUR beskik oor 'n oorsigfunksie met betrekking tot die finansiële bestuur van munisipaliteite. AfriForum is van mening dat die onderskeie LUR vir finansies die persone is wat vir die insameling van dié inligting verantwoordelik is. Strafregtelike klagtes sal ook teen rekenpligtige beamptes ingedien word wat nie die betrokke wetgewing toepas nie en hulself aan 'n misdryf ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur skuldig maak.

5. Program

AfriForum gaan die 13 departementshoofde soos volg strafregtelik aankla:

Dag	Tyd	Provinsie	Departemente
18 April 2016	09:00	Gauteng	Mediakonferensie oor al 13 departemente
18 April 2016	11:30	Gauteng	<ul style="list-style-type: none"> • Paaie en vervoer • Gesondheid • Onderwys • Menslike nedersettings
19 April 2016	09:00	Mpumalanga	<ul style="list-style-type: none"> • Gesondheid
20 April 2016	09:00	Limpopo	<ul style="list-style-type: none"> • Gesondheid • Onderwys
21 April 2016	09:00	Noordwes	<ul style="list-style-type: none"> • Gesondheid
25 April 2016	09:00	Vrystaat	<ul style="list-style-type: none"> • Onderwys • Menslike nedersettings
26 April 2016	09:00	Noord-Kaap	<ul style="list-style-type: none"> • Gesondheid
27 April 2016	09:00	Oos-Kaap	<ul style="list-style-type: none"> • Gesondheid
28 April 2016	09:00	KwaZulu-Natal	<ul style="list-style-type: none"> • Gesondheid

6. Samevatting

- AfriForum se nuwe nasionaleveldtogte-afdeling gaan as deel van sy eerste veldtog, “Genoeg is Genoeg”, 13 provinsiale departementshoofde strafregtelik aankla.
- Wanbesteding van belastinggeld is ’n nasionale krisis en dit is van groot belang dat belastingbetalers hierdie klagtes steun.
- Dit is tyd dat belastingbetalers sê: “Genoeg is genoeg!”
- Ons moet die nodige druk op die Nasionale Vervolgingsgesag uitoefen om te verseker dat die oortreders vervolg word.

Die publiek kan die klagtes onderteken deur hul naam na 45352 te SMS. SMS’e kos R1 elk.